die demokratiese Suid-Afrika self te laat praat.

By die lees van die drama wonder ′n mens by tye of dit geoorloof is om ′n eenmansvertoning te publiseer en mis ′n mens ′n drama met meerdere karakters. In die konteks van die reeks werke oor Fischer se lewe is Kalmer se drama egter ′n welkome en selfs noodsaaklike fokus op die politieke én die persoonlike aspekte van iemand wat nie verdien om vergeet te word nie.

*Jacomien van Niekerk*
jacomien.vanniekerk@up.ac.za
Universiteit van Pretoria
Pretoria

**Die aarde is ′n eierblou ark**.
Susan Smith.
Pretoria: Protea Boekhuis, 2016. 95pp.
ISBN: 978-1-4853-0716-7.
DOI://dx.doi.org/10.17159/tvl.v.54i2.2983

*Die aarde is ′n eierblou ark* is Susan Smith se tweede bundel. Smith het ′n fyn aanvoeling vir klank- en woordspel en net soos haar debuut, *In die afwesigheid van sin*, gee haar tweede bundel die indruk van geslyptheid en presisie. In albei werke is daar ′n fokus op taal as oordrags- en bewaringsmiddel. Waar haar eerste egter meer gekonsentreer het op die familiebande tussen verskillende generasies vroue, staan die natuur en natuurbewaring sentraal in haar nuwe bundel.

Natuurverse het ′n lang tradisie in Afrikaans met die spesifieke fokus op natuurbewaring en ekologie as ′n meer resente ontwikkeling in hierdie genre—sien in dié verband Johann Lodewyk Marais se essay in die versamelbundel *Ons klein en silwerige planeet* waar hy hierdie tendens, wat ook sterk in sy eie verse na vore kom, bespreek. Smith se werk sluit dus by ′n gevestigde tradisie aan—veral by die natuurverse van vrouedigters soos Petra Müller, Ilse van Staden en Carina Stander waarin daar dikwels ′n tipe spirituele gebondenheid tussen moederaarde en die vroulike waarnemer/digteres aan bod kom. Iets van die tematiek van Smith se debuut resoneer dus ook met dié aspek van haar tweede bundel. Die gebondenheid tussen vrou/moeder/mens en aarde is onder meer die tema van die gedig "Miss Gaia: ′n hooglied van die kompos" wat aan die einde van *Die aarde is ′n eierblou ark* verskyn. Dit begin: "Ons is van die aarde / en ons sal terugkeer / aarde toe" en sluit af: "Ons is van die aarde. Die aarde / het ons gemaak." Myns insiens is die bewaringsboodskap van die bundel ook grotendeels opgesluit in hierdie gegewe, aangesien Smith deurgaans fokus op die feit dat die mens deel is van die aarde en daarom "haar", ons moeder, moet bewaar.

Die bundeltitel lê duidelike verbande tussen die aarde en die oorsprong van lewe met die eier-beeld wat geboorte oproep en die ark-beeld die Bybelse verhaal van die uitwissing, maar ook die voortbestaan, van die mens ná die sondvloed. Die aarde is dan ook ons ark, ons veilige vesting (sien die gedig "eierblou ark") waarin ons "deur die melkweg veer". Die ark-metafoor dien verder as ′n tipe waarskuwing dat die mens weer uit-

wissing in die gesig kan staar en gestraf sal word vir sy (sondige) vernietiging van die natuur. In gedigte soos "albatros" en "lewensiklus van die *rara avis*" kom die bewaringsboodskap baie konkreet aan bod wanneer die effek van besoedeling op die plant- en dierelewe geskets word. Die knap gedig "sonval" stel ook 'n postapokaliptiese wêreld voor waar die mens gelaat is met net vae herinneringe van die natuur.

Naas die aansluiting by die Afrikaanse literêre tradisie, wys Smith ook telkens op die invloed wat verskillende Engelse digters op haar natuurverse gehad het. Die werk van Mary Oliver en Henry David Thoreau, beide bekend vir hulle natuurverse, word onder meer vermeld in die gedig "landmeter" waarin die digter se eie digterlike identiteit ook aan bod kom. Verskeie ander digters soos Walt Whitman, Sylvia Plath en John Keats, asook natuurwetenskaplikes soos Thomas Huxley, Karl von Frisch en Charles Darwin se name kom in die gedigte voor. Die natuurwetenskap as intertekstuele materiaal word op interessante wyse ingespan in die sterk versreeks "saad" waar saadkatalogusinligting benut word om verbande te lê tussen die digter se jeug en die oorsprong en ontwikkeling van haar natuurbewussyn en digterskap.

In die gedig "landmeter" vermeld Smith 'n aanhaling van Maxine Kumin: "Mary Oliver is a patroller of wetlands in the same way that Thoreau was an inspector of snowstorms." Sy lê in hierdie gedig ook verbande met haar eie praktyk as digter ("aan die ander kant syfer ek deur / patrolleer die vleiland / landmeter van die soutgebied / navigeer lugstrome aan die kontoerkant / van 'n seemeeuveer"). In *Die aarde is 'n eierblou ark* kom ook iets na vore van taal of kuns as bewaringsinstrument wat sterk skakel met die natuurbewaringstema van die bundel. Die eerste gedig in die bundel ("huls") lui:

> die droë peul knal naatlangs oop
> die halwe huls 'n ligte boot
> waarin 'n klein swart alfabet
> van sade stroomaf
> na 'n beskutte hawe vaar

Die beeld van woorde as sade wat tot 'n nuwe begin ("geboorte") kan lei, word hier gebruik. Dit sinspeel waarskynlik ook op 'n bewaringsbewussyn wat by die lees van die bundel kan saad skiet. Hier gaan dit egter ook oor die optekening en dus bewaring van die name van plante en diere sowel as gedetailleerde beskrywings daarvan. Talle Afrikaanse name vir plante, diere en insekte word in Smith se bundel gebruik met gedigte soos "vyf kanttekeninge in 'n tuindagboek" wat, soortgelyk aan die veldwerknotas van natuurwetenskaplikes, verskeie natuurverskynsels woordeliks illustreer.

Smith se gebruik van intertekste is interessant en daar is 'n ooglopende aansluiting by 'n gevestigde literêre tradisie in Afrikaans. Dit is egter wat laasgenoemde aspek betref waar die probleem soms lê ten opsigte van party verse in die bundel—die leser ervaar dit as oorbekend en minder outentiek. Die emosionele trefkrag wat verskeie van die verse oor familiebande in Smith se debuut gehad het, ontbreek dikwels in

hierdie tweede bundel en haar netjies afgewerkte gedigte is geneig om minder te ontroer. Die reeks verse ("saad") oor haar kindertydherinneringe waarin die verbintenis met die ouers onder meer aan bod kom, is dan weer na my mening van die sterker verse in haar tweede bundel. Smith is ʼn vaardige digter en die leser wag om te sien hoe haar digterskap verder sal evolueer in haar komende bundels.

*Marni Bonthuys*
mbonthuys@uwc.ac.za
Universiteit van Wes-Kaapland
Bellville

**Alles het niet kom wôd.**
Nathan Trantraal.
Kaapstad: Kwela, 2017. 59pp.
ISBN: 978-0-7957-0791-9.
DOI://dx.doi.org/10.17159/tvl.v.54i2.2984

Vier jaar ná sy kragtige, bekroonde debuutbundel, *Chokers en survivors*, verskyn Nathan Trantraal se tweede digbundel, *Alles het niet kom wôd*.

Soos die eerste bundel, is die verse in ʼn Kaaps-Afrikaanse register geskryf met ʼn sterk en uiters direkte, gekruide *parlando*-aanslag.

Verskeie temas bekend uit die debuut is weer hier aanwesig: die digter se grootwordmilieu op die Kaapse Vlakte en verbande tussen vriende en familielede wat dié milieu bevolk, vergelyk "Saggias", "Taliban", "Die anne Liney", "Bethe" en "Clichay". Verlies, swart humor, ironie, woede, slegte herinneringe en ʼn brutale werklikheid word in gedig na gedig opgeroep, telkens met treffende slotte. Daar is wel ook enkele verse met ʼn sagter in- en aanslag, soos "Ezra", "Rebekah", "Jaloesiegieste" en "Lentegeur".

Die religieuse tema word reeds in *Chokers en survivors* teruggevind, vergelyk verse soos "is altyd winte innie kêk", "Mamma HL" en "Brightly beams". In *Alles het niet kom wôd* word hierdie tema—geloof, godsdiens, die kerk, sektes, vergifnis, wedergeboorte en ontgogeling met al hierdie kwessies—sterker aanwesig gestel, meestal tussen die pole van hoop/verwagting en telkense teleurstelling wanneer sekere werklikhede inskop.

Die omslagontwerp, deur "The Trantraal Brothers" en Mike Cruywagen, is gebaseer op Bernini se *Die ekstase van Sint Teresa*, ʼn beeldhouwerk in wit marmer in die Cornaro-kapel, Santa Maria della Vittoria, Rome, gemaak tussen 1647 en 1652. Volgens Wikipedia vang hierdie beeld die oomblik vas wanneer goddelikheid die aardse liggaam betree. Die ontwerp dui natuurlik op die hooftema van die bundel en kan ook die vermoede versterk—kennende Trantraal se visie en aanslag—dat daar nie noodwendig goeie uitkomste op die religieuse verwagtings gaan wees nie en dat die "niet" in die titel nie net op "nuut" gaan dui nie. Die slot van "Moenie vi hulle sê ôs gan ie, annes wil hulle saamkom" stel dit immers (ná ʼn vas-en-bid-sessie in die berge):

> Soms voel ek jamme vi ôs
> Ek kan sien hoe ôs rêrag
> moes gelyket
> en hoe die engele moes gelagget
> virrie country bumpkins
> Die laaste mense om yt te vinne